higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PROJEKBESTUUR
NKR VLAK 3

(3081033)

7 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

376Q1N2007

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

spandinamika; afwyking/variansie; span; projekplan; rekeningskema ('charter of accounts'); beleide; verifikasie; spreitabel ('spreadsheet'); data; inspeksie; groep; Gantt-diagram

1.1 'n Projekbestuurder kan nie met 'n projek begin voordat die … goedgekeur is nie.

1.2 … is onsigbare magte tussen spanlede.

1.3 'n ... is 'n dokument wat rekeningkundige data in rye en kolomme toon en wat deur 'n rekenaar gegenereer word.

1.4 … is die verskil tussen wat bestee is en waarvoor begroot is.

1.5 'n Groep mense met verskillende vaardighede wat saam aan 'n taak moet werk om 'n gemeenskaplike doel te bereik, word 'n … genoem.

1.6 … is 'n tegniek wat 'n projekbestuurder gebruik om seker te maak alle afgelewerde goedere word nagegaan om te bepaal of die standaard aanvaarbaar is.

1.7 'n … is 'n projekbestuursinstrument wat gebruik word om die interafhanklikheid tussen take te toon asook hoeveel tyd dit sal neem om 'n taak te voltooi.

1.8 … is die grondreëls van 'n projek wat 'n span moet nakom.

1.9 'n … is enige stelsel wat boekhou van die koste wat vir 'n projek aangegaan word.

1.10 … is a tegniek wat die projekbestuurder gebruik om 'n produk aan die einde van 'n projek te evalueer om seker te maak dit voldoen aan die vereiste standaarde.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer ((2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Projekbestuursinstrumente is tasbare instrumente soos rekenaars, sigblaaie en template.

2.2 Die Wet op Gelyke Indiensneming word in projekte gebruik om billike arbeidspraktyke en werknemers se deelname aan besluitneming te verseker.

2.3 Kultuur is 'n stel morele beginsels of waardes wat vir mense aandui wat reg of goed is.

2.4 Geskatte koste is 'n belangrike deel van die projekbegroting en sluit maandelikse huur en salarisse in.

2.5 Projekbestuur is die proses om die hulpbronne van tyd, geld, mense en toerusting so te bestuur en te organiseer dat die projek binne die omskrewe omvang en op die verwagte kwaliteitsvlak voltooi word.

2.6 'n Belangrike deel van die moniteringsproses is om die bedrag wat werklik bestee is te meet aan die begrote bedrag.

2.7 Template maak dit moeilik vir projekbestuurders om verslae te skryf en spanprestasies te vergelyk.

2.8 'n Projekbestuurder kan etiese gedrag verseker deur spanlede eties te behandel tydens indiensneming, beoordeling, dissiplinering en afdanking.

2.9 Eksterne belanghebbendes soos lyn-, senior en uitvoerende bestuurders stel belang in die begroting van elke projek.

2.10 Senior bestuur moet goedkeuring vir bykomende uitgawes in die projekbegroting.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

QRA-PRODUKBEKENDSTELLING

QRA is 'n maatskappy wat spesialiseer in verskeie veiligheidsdienste, insluitend gewapende en ongewapende bewaking, gewapende taktiese ondersteuning, ondersoeke en die beskerming van bates met 'n hoë waarde. Die maatskappy het onlangs 'n nuwe app genaamd GO-bewaking ontwerp. Hierdie app stuur kennisgewings aan gekose kontakte en aan QRA-sekuriteit wanneer gebruikers te lank bewegingloos in 'n hoërisiko-omgewing buite hul gewone daaglikse omgewing is of as die gebruiker 'n noodsein stuur. Die app maak dan seker 'n hoëtegnologie-hommeltuig ('drone') word na die plek gestuur om die omtrek te bespied, en 'n gewapende-reaksiespan vertrek binne tien minute na die gebruiker. Die app is nog nie op die mark beskikbaar nie; QRA-sekuriteit wil die GO-bewaking-app tydens 'n formele geleentheid bekendstel.

Die maatskappy het die projekbestuurder, Lerato Khumalo, gevra om die bekendstelling van die produk te organiseer. Die geleentheid moet lewende vermaak, kos en drankies en 'n uitstalling van die maatskappy se ander produkte insluit asook 'n lewendige demonstrasie van hoe die app werk deur die QRA-span. Daar moet plek wees vir 2 000 mense en daar moet voorsorg getref word vir reën of slegte weer.

Lerato het die beste 21 lede gewerf vir haar span en Gift Nhlapo as die projekleier aangestel. Lerato en Gift werk al die afgelope tien jaar saam en sy weet sy kan hom vertrou met 'n groot projek soos hierdie. Hulle eerste taak is om 'n geskikte buiteluglokaal te vind waar die demonstrasie kan plaasvind en wat groot genoeg is vir die 2 000 gaste. Daarna sal hulle aandag gee aan al die spesifikasies van die projekplan om te verseker dat die QRA-projek 'n reuse sukses is.

VRAAG 3

3.1 Onderskei tussen *projekwerk* en *nieprojekwerk*. (3 + 3) (6)

3.2 Verduidelik DRIE leierskapsvaardighede wat Gift Nhlapo vir die projek kan gebruik. (3 × 3) (9)

3.3 Noem VYF soorte projekte wat in projekbestuur gebruik kan word. (5)

3.4 Bespreek die verhouding tussen etiek en elk van die volgende aspekte van 'n gedragskode:

3.4.1 Aanvaarding van geskenke, belonings of afslag

3.4.2 Verhouding met die publiek

(2 × 2) (4)

3.5 Noem VYF aspekte wat ingesluit moet word by die beraming van die koste van 'n werkelement vir die QRA-projek. (5)

Kopiereg voorbehou

3.6 Risiko's is onvermydelik in 'n groot projek soos die QRA-bekendstelling.

3.6.1 Noem TWEE risiko's wat die QRA-bekendstelling in die wiele kan ry. (2)

3.6.2 Gee 'n gebeurlikheidsplan wat geïmplementeer kan word vir elke risiko wat jy in VRAAG 3.6.1 genoem het. (2 × 2) (4)

[35]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik VYF kriteria en optredes wat werknemers laat voel hulle word gewaardeer. (5 × 2) (10)

4.2 Verduidelik die volgende subprosesse van projekbestuur:

4.2.1 Gehaltebestuur

4.2.2 Hulpbronbestuur

4.2.3 Tydsbestuur

(3 × 2) (6)

4.3 Verduidelik die TWEE soorte koste wat in die QRA-projek gebruik kan word en gee EEN voorbeeld van elk. (3 + 3) (6)

4.4 Onderskei tussen 'n *demokratiese bestuurder* en 'n *voorskriftelike bestuurder*. (2 + 2) (4)

4.5 Noem DRIE ondersteuningstelsels wat vir 'n projekspan beskikbaar is. (3)

4.6 Verduidelik die term *bespoediging* ('crashing') as 'n projekbestuurstegniek. (1)

[30]

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen 'n *matriksorganisasiestruktuur* en 'n *funksionele organisasiestruktuur*. (3 + 3) (6)

5.2 Watter VYF eienskappe kan 'n projekspan se samehorigheid verbeter? (5 × 2) (10)

5.3 Verduidelik die toepassing van die volgende etiese praktyke rakende die QRA-bekendstelling:

5.3.1 Politieke en internasionale omgewing

5.3.2 Fisiese omgewing

5.3.3 Maatskaplike en kulturele omgewing

(3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou

5.4 Dui telkens aan of die volgende dokumente wat in die QRA-projekte gebruik word vertroulik, beperk of algemeen is. Skryf slegs 'Vertroulik' of 'Beperk' of 'Algemeen' langs die vraagnommer in die ANTWOORDBOEK.

5.4.1 Projekbestuurder se skedule

5.4.2 Template

5.4.3 QRA-opleidingshandleiding

5.4.4 Kontrakte

5.4.5 Die QRA-span se gesondheidsrekords

(5 × 1) (5)
[30]

VRAAG 6

6.1 Ontwerp 'n templaat vir lesse geleer wat vir die QRA-projek gebruik kan word. (10)

6.2 Noem VYF nadele van die gebruik van 'n Gantt-diagram vir die QRA-projek. (5)

6.3 Noem en verduidelik VYF rolle wat Gift Nhlapo as leier van die projekspan moet vervul. (5 × 2) (10)

6.4 Noem VYF komponente wat in die QRA-bekendstellingsprojek se projekplan ingesluit moet word. (5)

6.5 Daar word beraam dat dit vyf werkers drie dae sal neem om die verhoog vir die QRA-bekendstellingsprojek op te stel. Die werkers word R220 per werkdag van agt uur betaal. Die verhoog benodig 12 staalversterkings teen R300 elk en 30 panele teen R160 elk.

Bereken die totale koste om die verhoog op te stel. (5)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou